**Deelgenote in Christus volhard end-uit**

**Heb 3:7-19**

**3 April 2022**

1. Heb 3:1-6 – Let noukeurig op Jesus as die Apostel en Hoëpriester van die geloof. Die Seun is heerliker as Moses, wat die groot Ou Testamentiese profeet was. Gelowiges vorm die huis van God, maar hulle moet vashou in die geloof en aan die hoop.
2. Heb 3:17-19 – Hoofgedagte: Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue
3. Voorbeeld van die Ou Testamentiese volk (Heb 3:7-11, 16-19)
    a. Heilige Gees het Ps 95 (en die res van die Bybel) geïnspireer
        i. Heb 1:1 – die Vader praat; Heb 2:3, 2:12 – die Seun praat, Heb 3:7 – die Heilige Gees praat
    b. Heb 3:7-11 is aanhaling uit Ps 95:7-11 oor die volk op woestyntog
        i. Vir 40 jaar het hulle heerlike bemoeienis van die Here belewe
        ii. Vir 40 jaar het hulle baie gemurmureer, in opstand gekom, die Here versoek en beproef (vgl Num 14:22)
        iii. Die gevolg is die oordeel van die Here: hulle sal nie in rus ingaan nie
        iv. Wie sal nie in rus ingaan nie? Die wat uit Egipte verlos is, herhaaldelik ongehoorsaam was, herhaaldelik gesondig het, wat ongelowig was
        v. Voorbeelde en waarskuwings vir ons (1 Kor 10:6, 11)
    c. OT tipes: Volk = sigbare kerk, Moses = Seun, Egipte = wêreld, beloofde land = ewige saligheid, uittog = regverdigmaking, woestyntog = heiligmaking, intog = heerlikmaking
4. Oproep aan lesers, en dus aan ons (Heb 3:12-15)
    a. Broers = die wat heilig gemaak word, die wat bely hulle is gelowiges
    b. Waarskuwing teen harte wat boos is en vol ongeloof is
    c. Waarskuwing is om toe te sien dat dit nie met een van die broers gebeur nie
    d. "Vandag" – dis dringend, "solank daar vandag is" – herhaaldelik tot die einde toe
    e. Rede vir dringendheid: bly net deelgenote aan Christus as ons end-uit volhard in vertroue
5. Afvalligheid
    a. Afvalligheid is wanneer belydende gelowige deelgenootskap aan Christus verloor
    b. Was algemeen onder die volk, is steeds algemeen onder belydende gelowiges
    c. Hoe word iemand afvallig?
        i. Hulle verhard hulle harte weens verleiding van sonde, lei tot klagtes, murmurering, lei dan tot sonde (vgl Jak 1:14-15)
        ii. Lei nie tot innerlike stryd nie – soos tipies by ware gelowiges gebeur (Rom 7:21)
    d. Kan ware gelowige uit die geloof val?
        i. Nee – Joh 10:28-29, maar dan moet hy 'n ware skaap wees (Joh 10:27)
        ii. Heb 3 waarsku oor mense wat net voorgee hulle is ware skape, onder indruk is hulle is ware skape (saad op klipbank)
    e. Oproep is dat broers skyngelowiges moet identifiseer en vermaan
    f. Deel van verantwoordelikheid van ware broers om God se koninkryk te bevorder